*Saterdag* 24 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 25
Fokusgedeelte: Psalm 25:6
Bewandel die weg van God!

Wanneer ons hierdie Psalm lees, dan sien ons dat Dawid besef dat hy vol sonde is en daarom ook 'n begeerte na God se barmhartigheid en goedertierenheid het. Ons hoor sy besef van sy nietigheid as hy bid: *"Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie."* Dawid sê hiermee as't ware aan die Here: "... aanskou my ellende en my moeite en vergeef al my sondes." Hy erken en bely dus dat hy op die weg van die goddelose gewandel het. Hy dig dan: *"Dink, HERE, aan u barmhartigheid en u goedertierenhede, want dié is van ewigheid af."*

Wanneer ons aan die Here se barmhartigheid dink, kan ons nie anders as om aan die Here se verbond te dink nie. As ons na die geskiedenis van Israel kyk, dan is dit duidelik dat God deur die eeue sy kant van die verbond gehou het. In sy barmhartigheid hou Hy dus altyd sy verbond aan ons, al is en bly ons sondige en ondankbare mense.

Ten spyte van sondigheid in ons lewe, en al gly ons voet soms van die HERE se pad af, moet ons dus steeds die Here se weg bewandel. In sy verbondstrou hou die HERE ons vas op sy weg tot die einde toe. Jesus self sê in Johannes 14:6: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe."* Getuig ons dade egter daarvan dat ons mense is wat Jesus Christus in alles volg? Waar ons saam met ons medegelowiges die pad van die Here bewandel, struikel van ons soms; soms gly van ons selfs van die pad af, maar in die Here se verbondstrou bring Hy altyd sy kinders weer terug na Hom toe. Mag ons daaraan vashou, selfs al struikel ons soms in die sonde, en mag ons in alle nederigheid en met die besef van ons eie nietigheid weer verstom staan voor God se barmhartigheid.

*Sing: Psalm 25-1:4, 5*

*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*